

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Desember 2010 **Nommer 100**

INHOUDS OPGAWE

**Hou aan! Moenie ophou
nie!** ...1

**Aardse genietinge op
skuld koop** ...2

Ons skuldige stilte ...3

Vrede ...5

Hoe bid ons? ...7

HOU AAN! MOENIE OP HOU NIE!

Ds E Viljoen

Dit is glad nie onbelangrik om bakens en mylpale in ons lewens te gedenk en te vier nie. Dit is tye vir dankbare nadink oor wat die Here reeds gegee het. Ons mag as redaksie saam met ons lesers nadink oor wat die Here gegee het in 100 uitgawes van Vox Viva! Dit is 'n besondere mylpaal wat ons nie graag wil laat verbygaan, sonder om ons dank uit te spreek teenoor die Here nie. Die werk aan die tydskrif word ryklik deur die Here geseën en net so gee Hy ook dat ons leserskring steeds uitbrei. Wanneer ons kyk na die dankbare reaksies wat ons gereeld van lesers kry, dan is daar 'n mooi getuienis dat dit tydskrif tot seën vir baie diensbaar is.

In al ons lewensomstandighede en geleenthede, is daar egter een reël waaraan ons mekaar gedurig moet herinner. Die reël gee Paulus in Filippense 3:14-16. Volgens hierdie reël wil die redaksie dan ook deur die genade van ons Here verder bly werk. Die reël wat Paulus gee is dat elke gelowige steeds weer sal uitstrek na wat voor is. En dit wat voor ons is, is die volmaaktheid wat daar in Christus is. Dit is 'n reël wat aanmoedig en aanspoor. Hy het vir die gemeente almal saam een einddoel voor oë: *“Sodat ek Hom (Christus) kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde, terwyl ek aan sy dood gelykvormig word; of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik”* (3:11).

Hiervan sê Paulus duidelik dat hy dit nog nie alles verkry het nie; hy is daarom nog nie volmaak nie. Volmaak sal hy eers dan wees, wanneer hy hierdie kwesbare liggaam van hom, wat blootgestel is aan allerhande vorms van lyding in hierdie wêreld, kan verruil vir 'n liggaam wat sal wees *soos Christus na sy opstanding is* (3:21).

Inhierdie besef, nl. dat ons finale volmaaktheid as kerk van Christus nog vóór ons lê, wil ons verder werk as redaksie. Ons vertrou is dat ons deur die Here gebruik sal word om diensbaar te wees aan hierdie een doelwit wat deur ons almal bereik moet word.

AARDSE GENIETINGE OP SKULD KOOP?

B Luiten

God gee

Die Psalm digter Dawid erken dat die wêreld en haar volheid aan God behoort (Ps. 24) en as gelowiges stem ons natuurlik volmondig daarmee saam. Ons is nie eienaars nie, maar rentmeesters oor dit wat God aan ons toevertrou het. Die Here het sy volk van die begin af dit laat verstaan. By die volk se intog in Kanaän sê Hy baie duidelik vir sy volk: Die land is myne. Julle mag daar woon en van die land leef (Lev. 25), maar dit word nie julle eiendom nie.

Daarmee saam het 'n klomp waarskuwings gekom om nie in rykdom of welvaart geluk te soek nie (Deut. 8). Dit was 'n belangrike les, want Kanaän sou baie vrugbaar wees. God wou hê dat die mens nie in sy rykdom en welvaart sy vreugde sou vind nie, maar in God self. Om hierdie geestelike sig te behou, moet 'n mens tevrede wees met die deel wat God vir jou gee.

Gesien teen hierdie agtergrond, is dit 'n verhouding waar jy nie krediet kan vra ten opsigte van jou daaglikse lewensmiddele nie. Jy kan nie doelbewus lenings aangaan om jou erfdeel te vergroot of om jouself te verryk nie. Nee, in daardie tyd het God sy kinders geleer om te leef van wat Hy géé. As daar situasies was van lenings en skuld, dan was dit as gevolg van onvoorsiene omstandighede of van magsmisbruik. As 'n broer dalk verarm het, moes hy 'n lening kry sonder rente (Lev. 25:26-28). Daar kon dalk ook iemand opgetree het as lossier, bedoelende 'n naasbestaande kon die verarmde broer ook loskoop uit sy skuld (Lev. 25:23-28, 47-55). Juis die begrip "lossier", wat 'n afskaduwing is van ons Middelaar se werk, moet by ons die gedagte laat deurdring dat jy jou nie willens en wetens in skuld moet dompel nie.

Per dag

Jesus leer ons hoe om te bid vir ons "daaglikse

brood." Met daagliks word bedoel: 'n porsie vir een dag. Ons bid dus vir brood net vir vandag. Dink ons dan glad nie aan môre nie? Ja natuurlik, maar môre is God ook weer daar. Hierdie waarheid het Israel ook geleer toe hulle in die woestyn geswerf het. Manna het elke dag vir veertig jaar lank neergedaal. In die begin het sommiges nie vertrou daar gaan elke dag manna neerdaal nie en het toe meer ingesamel as wat nodig was. Dit het Moses baie kwaad gemaak. God het tog belowe dat Hy elke dag vir sy volk sou sorg?

Juis die begrip "lossier" moet by ons die gedagte laat deurdring dat jy jou nie willens en wetens in skuld moet dompel nie

Die feit dat God sorg, klink deur die eeue heen in ons daaglikse gebed: Gee ons vandag ons daaglikse brood. 'n Gebed wat ons van harte moet bid: as die Here vir ons kos gee vir vandag, sal ons dankbaar en tevrede wees. Al is die porsie nie groter as net vir vandag nie, is dit pure genade, en ons sal nie vir meer vra nie. Selfs al is die brood sonder konfynt, dan is ons gebed steeds verhoor! Dit moet vir ons 'n indringende gebedsonderwysing wees. Dit kos rêrig die oortuiging van ons gemoed om hier te bedoel wat jy bid. Besef ons waarlik die strekking van hierdie woorde van ons gebed?

Wat beteken dit om jou genieting op skuld te koop? Dit beteken om geld uit te gee wat jy nog nie verdien het nie. Dit is die besteding van môre en oormôre se inkomste, van die volgende 3 of 5 jaar! Dit is om al jou toekomstige inkomste op te gebruik, selfs baie ver die toekoms in. Dit is 'n vergrype na iets wat God nog nie gegee het nie! Hoe kan 'n Christen so iets doen, en dan opreg die bede bid, dat hy tevrede is met sy daaglikse porsie?

Let wel, hier word nie gepraat oor waardevaste lenings soos byvoorbeeld huisverbande nie. Dit is 'n bekende feit dat jy soms risiko's moet neem (Pred. 11:1-6). Nee, dit gaan hier oor verbruikersgoedere, byvoorbeeld om geld te bestee aan genieting wat nie hulle waarde behou nie. In die gebed bind God ons aan wat Hy per dag vir ons gee. Hoe kan iemand dit met 'n opregte hart bid en

Omdat die kerk leef van die verlossing en goedheid wat God gee, daarom sal die lof op God altyd 'n vaste plek in die midde van die gemeente hê - J Kamphuis

dan dadelik sy inkomste van die volgende 5 jaar uitleef? Dit rym tog nie? Hoe is dit, dat terwyl jy met 'n beskeie hart iets vra, jy dit onbeskeie op jouself spandeer? Jy spandeer eintlik wat God nog nie vir jou gegee het nie. En hoe kan jy weet of jy daardie toekomstige inkomste ooit gaan kry? Wie weet iets van die dag van môre af, hoeveel tyd jy nog op die aarde sal wees of watter inkomste jy nog in die toekoms gaan ontvang?

Genoeg

Wat ons van dag tot dag ontvang is nie noodwendig karig nie. God gee nie net daaglikse brood nie, maar ook totale lewensonderhoud. Hy kan ook verskillende soorte rykdom aan ons toevertrou. Op sigself is materiële welvaart ook nie sleg nie. Maar dit is altyd ook 'n beproewing (Luk 18:25). Wanneer jy op reis is, kan jy nie te veel bagasie saamvat nie. As jy meer as net handbagasie het, kan jy dalk die doel van jou reis vergeet. Daarom word rykes ook indringend vermaan om nie aardse skatte te vergader in die laaste dae nie (Jak 5:1-6). Juis om hierdie rede is dit soms beter om met minder oor die weg te kom. 'n Goeie soldaat, byvoorbeeld, is tevrede met wat hy het (2 Tim 2:4) sodat hy hom kan beywer vir die stryd. En die manna in die woestyn was vir die volk Israel genoeg. Hoe kon hulle in elk geval allerlei oorfloed saamsleep?

'n Gebed wat ons van harte moet bid: as die Here vir ons kos gee vir vandag, sal ons dankbaar en tevrede wees

Die begeerte na oorfloed lei dan ook gewoonlik daartoe dat jy God vergeet. Die vervulling van God se beloftes word dan dalk nog net teoreties bely, maar dit speel nie meer 'n konkrete rol in ons lewens nie. Dit kan dan gebeur dat dit wat eers genoeg was, nou nie meer genoeg is nie. Wat voorheen genoeg was as padkos tydens ons reis, gesien in die lig van die Koninkryk, is skielik nie meer genoeg ter versadiging van ons eie begeerte nie. Ons sien in die praktyk hoe mense vir geld te kere gaan, en allerlei truuks uithaal om nog meer

besittings te versamel. Meer as ooit verlaat die massa hulle op loterye, binne en buitelands, waar absolute absurde bedrae as pryse gewen kan word. Dit word voorgedou asof dit die eintlike geluk in jou lewe is.

Hoe belangrik is dit nie vir Christene om werklik eers die koninkryk van God te soek, en vervolgens genoeg te hê aan wat God dan daarby aan jou skenk. God weet wat ons nodig het en sal dit gee (Luk 12:31). Die tiende gebod is vir ons 'n baie aktuele saak: moenie agter jou begeertes aan loop nie.

Let op na wat God vir jou gee, geniet daarvan, en wees tevrede daarmee, in plaas daarvan om heelyd na meer te gryp en so jou strydvaardigheid vir die Koninkryk te belemmer deur die las van rente en paaieente.

ONS SKULDIGE STILTE – MOTIEWE VIR EVANGELI- SASIE

John R W Stott

Die meeste mense is spraaksaam. Sommige hou nooit op praat nie! Hoekom droog ons spraakwater dan so gou op as die gesprek in die rigting van godsdiens beweeg?

Soms verraai ons stilte ons gebrek aan Christelike oortuiging en ervaring. Selfs as ons van die evangelie seker is, en die krag daarvan in ons lewens ervaar het, ervaar ons soms steeds 'n gebrek aan selfvertroue. Ons vrees teëspraak of selfs spot. Slegs sterk, positiewe aansporings sal hierdie weerstand afbreek.

In evangelisasie het ons ook 'n sterk dryfveer nodig, want evangelisasie is moeilike en gevaarlike werk. Ons moet van aangesig tot aangesig met die vyand handgemeen raak. Dit plaas ons op die voorste linie

**I put the Scriptures above all the sayings of the fathers,
angels, men and devils. Here I take my stand.**

- M Luther

teen die wêreld, en stel ons bloot aan teenaanvalle. Sommiges begin nooit met evangelisasie nie, weens 'n gebrek aan behoorlike motivering. Ander weer begin, maar raak mismooedig en gooi tou op; hulle het nuwe aansporings nodig. Ander ervaar weer dat hulle evangelisasie van die staanspoor af oneffektief is, omdat hulle deur verkeerde motiewe aangespoor word. Daar is 'n groot nood om die kerk van verkeerde motiewe te suiwer, en om die regte motiewe in plek te kry.

Wat dring die Christen om aktief te getuig? Die basiese motief is doodeenvoudig gehoorsaamheid. Elke Christen is 'n dienaar van Christus. "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Kor 6:20). Ons is nou aan ons Meester verbind met bande van dankbare gehoorsaamheid! Die liefde van Christus beheers ons. Dit het ons in sy greep. Ons nuwe lewe is te danke aan sy sterwe. Sy liefde omring ons en laat ons geen keuse as om vir Hom te lewe nie (2 Kor 5:14,15).

As ons vir Christus lewe doen ons sy wil, en leef volgens al sy gebooe. Ons is nie vry om kieskeurig te wees nie. Ons wil ook nie. So mag ons ook nie sy laaste opdrag miskyk nie: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, ..." (Mat 28:19)

Gehoorsaamheid aan hierdie opdrag is nie slegs die vrug en die bewys van liefde nie, maar ook – spesifiek in die opdrag om te evangeliseer – verskaf dit 'n eerbare voorreg om deel te hê aan God se eie sending in die wêreld. Eers het Hy sy Seun gestuur. Toe stuur Hy sy Gees. Nou stuur Hy sy kerk, ons. Hy stuur ons deur sy Gees die wêreld in om sy Seun se redding te verkondig. Hy het deur sy Seun gewerk om dit te bereik; Hy werk deur ons om dit bekend te maak. (2 Kor 5:18,20)

As liefdevolle gehoorsaamheid aan God die eerste dryfveer is vir evangelisasie, dan is liefdevolle belangstelling in my medemens die tweede. Om my naaste lief te hê is om hom met die hoogste goed te dien. Die mens se hoogste goed is meer as sy basiese behoeftes soos kos, klere en onderdak. Dit is ook nie gesondheid van liggaam en gees of

die suksesvolle integrasie in die samelewing nie. Die mens se hoogste goed is sy verhouding met God, volgens wie se beeld ons geskape is.

Omdat die mens basies 'n geestelike wese is, kan hy nie van brood alleen lewe nie. Hy het 'n groter honger as wat die bakker kan bevredig. As ons dit weet, en ook die evangelie ken, kan ons hom voorstel aan die 'ware brood' uit die hemel (Joh 6:32). Ons toon nie ons liefde as ons hom laat verhonger nie. "As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit?" (Jak 2:15,16).

Spesifiek in die opdrag om te evangeliseer, verskaf dit 'n eerbare voorreg om deel te hê aan God se eie sending in die wêreld

Die vraag is selfs meer indringend wanneer 'dinge benodig' nie vir die liggaam nie, maar vir die siel is. Dit is so dat die mens een persoon, 'n liggaam-gees is, en dat sy fisiese behoeftes nie geïgnoreer kan word nie. Maar die verwaarlosing van my naaste se geestelike behoeftes, vir watter redes ook al, kan nie versoen word met die begrip naasteliefde nie. Hierdie verwaarlosing is kriminele onverantwoordelikheid. Om die 'goeie nuus' deur stilswye te onderdruk, sal skuld veroorsaak.

Al is die motiewe van gehoorsaamheid en medelye hoe dwingend, is nie een van die twee die sterkste evangeliese aansporing vir evangelisasie nie. Wat dit wel is, leer ons van die apostels Paulus en Johannes. Aan die begin van die brief aan die Romeine skryf Paulus (Rom 1:5) dat sy sending onder al die heidene "ter wille van sy Naam is", en Johannes verwys na broeders wat "vir sy Naam uitgegaan het" (3 Joh 7). Watter Naam hier bedoel word is nie moeilik om te raai nie. Dit is die groot naam van Jesus. Die vroeë Christene was bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneer te ly (Hand 5:41). Hulle was dan ook baie gewillig en bereid om te evangeliseer. Selfs liefde vir die bevel

'n Goeie Christelike moeder kan deur haar houding en gedrag baie doen om haar kinders te wys hoe God met ons omgaan.

van Christus en liefde vir die verlore skape is ondergeskik aan en afhanklik van die liefde vir die naam van Christus.

Liefde vir sy Naam is nie 'n sentimentele aange-trokkenheid tot sy persoonlike Naam 'Jesus' of tot sy amptelike titel 'Christus' of enige ander Name in die Skrif nie. Dit gaan om Sy eer in die wêreld, 'n vurige wens om die gebed: "Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil" te laat vervul (Ps 115:1). Dit is 'n erkenning dat God die Vader Hom verhoog het "bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige" (Ef 1:21). Ook in Filippense 2:9 – 11 lees ons: "Daarom het God Hom ook uiter-mate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader."

Gehoorsaamheid aan Christus, liefde vir my naaste, en die eer van Christus se Naam, dit is die motiewe waardeur God ons skuldige stilte wil oorwin!

VREDE

JP Versteeg

Ons glo ons lewe in 'n tyd van vrede. Na die laaste wêreldoorlog heers daar vrede. Is dit egter ware vrede as daar sedert die laaste wêreldoorlog reeds meer mense in oorlogsgeweld omgekom het as al die mense in die laaste wêreldoorlog saam? Is daar werklik vrede as daar daagliks gemiddeld 25 000 nuwe vlugteling is?

Is daar werklik vrede as die grootste deel van die menslike bevolking onderdruk word en honger ly?

Wat beteken die vrede wat ons in ons eie land ken en ervaar? Kan daar van vrede sprake wees as soveel teenstellings beleef word? Hoe kan ons van vrede praat as mense se lewens oorheers word deur misverstande, bakleiery en onmin?

Een ding is egter baie duidelik vanuit die Bybel sigbaar, en dit is dat God 'n God van vrede is. Sy bedoeling is vrede. Sy ryk is 'n ryk van vrede. Daarmee saam moet ons goed beseef dat die woord "vrede" in die Bybel 'n eiesoortige betekenis het. Miskien is dit juis nodig dat ons ons siening oor vrede krities beoordeel vanuit dit wat die Bybel daarvoor sê.

Vrede is slegs daar waar die verhouding met God herstel is

In die Bybel het vrede - *shalom* is die woord wat in die Ou Testament gebruik word - alles te doen met goeie onderlinge verhoudings. Die *afwesigheid* van oorlog, 'n negatiewe faktor, is nie wat vrede bepaal nie, maar die positiewe, naamlik die *aanwesigheid* van goeie verhoudings.

Wat hierdie verhoudings betref, verwys die Bybel heel eerste na die verhouding tot God. Gestel alle onderlinge verhoudings is goed, maar die verhouding met God ontbreek, sal en kan daar nie opregte vrede heers nie. Die afwesigheid van vrede word deur sonde veroorsaak, wat die verhouding met God versteur. Vrede is slegs daar waar die verhouding met God herstel is.

Goeie onderlinge verhoudings is onlosmaaklik verbonde aan 'n goeie verhouding met God. Selfs al is daar geen oorlog in die ware sin van die woord nie, kan onderlinge verhoudings totaal versteur wees.

Die Bybel roep ons op om hierdie onderlinge verbondenheid met mekaar te beleef en op te skerp, byvoorbeeld "...sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." (Romeine 12 vers 18).

By al die verhoudings wat goed moet wees om van vrede te kan spreek, kom ook ons innerlike verbondenheid met onself ter sprake. Dit is opvallend en belangrik dat hierdie aspek van vrede

As ek na my eie skuld kyk, dan sien ek dat my verlossing een van my Verlosser se grootste wonders is, in die hemel of op die aarde - S Rutherford

nie die hoofrol in die Bybel speel nie. Dit kom net so terloops aan die orde.

Ons kan byvoorbeeld verwys na die gebed van Paulus in Romeine 15:13, waar hy vir die gelowiges in Rome bid dat “die God van hoop julle vervul met alle blydschap en vrede deur die geloof”. Die samestelling van die woorde “vreugde” en “vrede” gaan hier oor die innerlike vrede wat iemand persoonlik mag ervaar.

Ware vrede is dus ook wanneer ons nie meer ’n speelbal van onrus en verwarring is nie, maar daar harmonie, orde en rus is in ons lewe.

Slegs as al hierdie verhoudings goed is. Slegs dan kan ons ontplooi en diensbaar wees. Dit is waaroor vrede gaan.

Die Bybelse vrede kan in leketaal die beste beskryf word met die woord “welsyn”.

Die orde waarin die verhoudings staan kan nie net willekeurig verander word nie. Dit is heel eerste die verhouding tot God, die verhouding tot ander, en daarna die verhouding tot onself.

Ds J Overduin is heeltemal reg as hy daarop wys dat vrede vir meeste mense daarin lê dat dit allereers moet goed gaan met my, daarna die taak om goed te doen, en laastens om goed te wees. In die Bybel is die orde egter presies teenoorgesteld. In die Bybel het vrede heel eerste te doen met “goed” wees. “Goed wees” verwys na jou verhouding met God. Daarna het vrede te make met goed doen. “Goed doen” verwys na jou verhouding teenoor jou naaste, die mense rondom jou. En laastens het vrede ook nog te make met “goed gaan”. Goed gaan verwys na die verhouding met onself.

Ons moenie probeer om die orde van vrede te versteur nie. Hy wat by die verkeerde kant van die orde begin, sal bedroë daarvan afkom.

Die aard van Bybelse vrede lê juis in die orde waarin dit gegee word!

Voordat die Here Jesus hierdie aarde verlaat sê Hy vir sy dissipels: “Vrede laat Ek vir julle na. My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie” (Joh 14:27).

Die vrede van Jesus is anders as die vrede van die wêreld. Die vrede van die wêreld het te doen met mag. Die vrede van Jesus het te doen met offer. In hierdie verband kan ons die Latynse woord “Pasifiseer” gebruik. Hierdie woord beteken: “om vrede te bring” maar kan ook vertaal word met: “aan jou onderwerp”. En hierdie laaste verklaring is presies waarop wêreldvrede gebaseer is. ’n Vrede wat tot stand gebring word deur ander aan jou te onderwerp. So word in hierdie wêreld gereeld vredesverdrae gesluit.

Vrede in Christus is egter ’n vrede wat groei uit selfverloëning, om jouself aan ’n ander te gee. Dit is die pad van vrede wat Jesus self geloop het en wat Hy aan ons voorhou as die enigste weg om te gaan. Baie mense wil nie hierdie pad van vrede loop nie. So kom hulle in stryd met die Vredevoers Jesus. Opmerklik is dat Jesus hierdie teenstrydigheid self onder woorde bring as Hy sê dat Hy nie na hierdie aarde gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard van verdeeldheid (Lukas 12:51). Jesus bedoel hier dat Hy nie na die aarde gekom het om vrede te bring wat aan menslike eise voldoen nie, soos die wêreld dit verlang nie. Hy kom nie om ’n pad na een of ander verborge supermoondheid bekend te maak waaraan alle mense onderwerp sal word nie.

Inteendeel, elke keer as ons die mag in eie hande wil neem, en dit ook nog onder die vaandel van Christus wil regverdig, roep Hy ons radikaal tot orde. Jesus bring vrede, maar nie vrede tot eer van onself nie. Sy vrede is altyd ’n vrede ten koste van onself.

Opinies verander, maar die waarheid wat deur God gespreek is, kan net so min verander as wat hierdie sprekende God kan verander

- CH Spurgeon

HOE BID ONS?

Dit is wonderlik om te bid

Wanneer ons nadink oor gebed, begin ons dikwels by die verkeerde kant. Ons begin aan ons kant. En dan word gebed al baie vinnig 'n probleem.

Kom ons begin 'n slag aan die ander kant, aan God se kant. En ek wil dan nie in die eerste plek aandag vra vir die feit dat ons gebed 'n antwoord is, dat dit 'n reaksie is op wat God sê nie. Dis ook waar. Maar ek wil hier op die feit wys dat God daarvan hou om ons te hóór bid. Juis om die rede is Hy 'n Vader!

As jy dus nadink oor jou gebedslewe, moenie eers aan jou eie behoeftes dink nie. Dink eers goed na oor die feit dat God sit en wag vir jou gebed. God neig sy oor (Psalm 116 : 2). Dit is wat ons moet besef: God buig oor, met sy hand teen sy oor, sodat Hy niks mis van dit wat ons tot Hom bid nie.

Dink ook aan Psalm 50 vers 15: “Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer”.

Vanuit hierdie invalshoek mag jy nadink oor jou gebedslewe. Dit bring 'n mens dadelik by die hoë waarde wat gebed behoort te hê.

Dit is wat ons moet besef: God buig oor, met sy hand teen sy oor, sodat Hy niks mis van dit wat ons tot Hom bid nie.

Om te bid is dus in die eerste plek iets besonder. As 'n mens bid is jy volledig by die Here, en geheel en al op Hom gerig. Daarom sê die Here Jesus: “Wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is.”(Matt 6:6).

Dit gaan daaroor dat ons alleen saam met die Here is. Dan word dit ook sigbaar wie ons regtig is. Ons hoef nie 'n front voor te hou of toneel te speel nie. As ons hierdie stilte, hierdie afsondering nie ken nie, dan verloor ons openbare gebede ook baie van hulle waarde. (Ek wil dus nie sê dat ons gebede dan waardeloos is nie!).

Om te bid is dus om te geniet. Geniet van jou

omgang met die Here. Bewus wees van die feit dat jy onder 'n oop hemel leef en nie 'n arme swerwer is wat op jouself aangewese is nie. Weet dat jy 'n kind is met 'n Vader wat oneindig baie van jou hou. Met Hom kan jy openhartig praat. En niks van jou lewe is te klein of onbenullig vir die gebed nie.

Bid is om jou lewe met God te deel

Wanneer ons oor ons gebedslewe nadink, is dit goed om hier te begin: Die Here verlang daarna dat ons voor Hom verskyn, en dat ons alles met Hom deel, die blye en die hartseer sake.

Natuurlik is gebed nie daar om God op hoogte te bring van alles wat in jou lewe gebeur nie. Gebed is nie soos 'n radio nuusdiens nie. Nee, dit is: om jou hele lewe met jou Vader te deel. Daarom kan jy ook gewone alledaagse dinge in jou gebed noem: jou angste en onsekerheid, probleme by jou werk of in jou verhoudings, besluite wat jy moet neem. Baie konkrete praktiese dinge.

Dit geld ook wanneer jy jou sondes bely. Dit is nie so moeilik om in die gebed oor jou sondes en tekortkominge in die algemeen te praat nie. Dis egter baie moeiliker om vir die Here te sê: “Daar het ek my misgaan en hier het ek verkeerde dinge gesê, ek moes dit nie gesê het nie. Sal U my al hierdie dinge vergewe?”

Dit beteken dat jy goed moet nadink as jy bid. Ons kan soms nogal soos robotte wees: hande vou, oë toe, bid; so asof jy net vinnig by God inloop om 'n boodskap deur te gee, en dan weer verdwyn.

Opregte gebed vra nadenke: wat sal ek bid, waarvoor sal ek dank, wat het verkeerd gegaan vandag, waarvoor is ek bekommerd, vir wie moet ek bid. So gaan staan jy bewustelik voor die troon van God.

Samevattend: As jy bewus word van die feit dat die Here uitsien na sy kind se gebed, en dat jy in jou gebed alles met Hom kan deel, word die gebed baie spesiaal, iets wat jy intens geniet.

Die sleur in jou gebedslewe verdwyn wanneer jy elke dag bewustelik na God toe gaan in jou gebede.

Gebed: nie 'n las nie, maar 'n lus.

Die steen by die graf is nie weggerol sodat Christus uit die dood kon kom nie, maar sodat sy volgelinge kon sien en die lewe ingaan